

## 'N STORIE VAN HOOP – SINETHEMBA

Toe Mev. Felecia Twantwa die Sinethemba Sentrum vir Spesiale Vaardighede wat kinders met verstandelike gestremdheid help, in 2003 begin het, het sy besef dat sy al haar hoop en vertroue op God moet plaas. Sy was bereid om alles – haar lewe en inkomste op te offer en slegs op God te vertrou om hierdie kinders te kan help. Haar leuse het geword: “Ons het hoop, God sal voorsien vir die kinders.” (Die Xhosa woord “Sinethemba” beteken “Ons het hoop.”)

Aanvanklik het sy 'n huis gehuur in Ngqeleni in Transkei. Toe die eienaar die huis verkoop, het die plaaslike hoofman 5 hektaar grond beskikbaar gestel waarop sy en die kinders die drie-kamer “Pienk huis” van sinkplate gebou het.



Dit was in 2006 tydens 'n Kerkraad vergadering van die NGK Mthatha gemeente, dat ek die eerste keer van Sinethemba gehoor het omdat die gemeente toe reeds hulp aan die projek gegee het. Met 'n besoek daar, het die Here my oortuig om meer betrokke te raak en so is die samewerkingsprojek tussen die NGK Mthatha en die VGK Decoligny begin om vir hierdie kinders te help.

Na talle pogings om hulp van die Regering te kry, om vir hulle 'n ordentlike blyplek te bou, misluk het, is daar tydens 'n besoek van die Decoligny Ondersteuning Vennootskap (DOVE) in April 2007, besluit dat die twee gemeentes, saam met DOVE, die taak aanvaar om vir hulle 'n blyplek te bou.

Daar is baie gebid en ons het besef dat ons op God alleen ons vertroue en hoop moet plaas om hierdie groot taak aan te pak en deur te voer. Die projek is bekendgemaak deur Decoligny se Gebedsbriewe wat weekliks per epos uitgestuur word. Albei gemeentes het diep in hul finansiële kas gegrawe om die nodige fondse te begin bymekaarmaak. Van oral, letterlik van oor die wêreld, het mense hul harte en beursies oopgemaak om die projek te ondersteun. Bydraes het gewissel van R50.00 tot R100,000.00

Vanuit talle kante het praktiese hulp ingestroom: 'n Bouer bied sy dienste gratis aan, 'n argitek teken gratis die planne vir die gebou. Mense gee voertuie om materiaal te vervoer, maatskappye gee reuse afslag op boumateriaal. Lidmate van Mthatha en Decoligny gemeentes, lidmate van ondersteuners gemeentes, studente van die Transkei Werkers Aksie (TWA) van die Universiteit van Stellenbosch, gee hulleself en hul tyd om te kom help met die bouwerk. So kan baie stories vertel word van hulp wat gegee is om Sinethemba huis te bou.



Gedurende die Maart vakansie van 2008 word die fondamente gegooi en uitgebou en die vloer van 510 vk. m. word binne 5 dae gegooi.



Gedurende 10 dae van die Junie – Julie 2008 vakansie, word die mure gebou en 'n deel van die dak opgesit deur 'n groep van 121 vrywilligers. Behalwe die bou van

die huis, is die terrein omhein en 'n vrugteboord aangelê, waar daar ook tuin gemaak sal word vir groenteverbouing deur die kinders.



Gedurende die September 2008 vakansie word verder gewerk: plafonne word geslaan en werk aan die binnehof word gedoen.



Vrywilligers het weer kom werk in Oktober 2008 om die gebou te verf, terwyl ander gehelp het met die elektrisiteit asook ablusie geriewe.

Met God se hulp en genade, word die gebou so ver voltooi dat die kinders na die opening van die gebou op 8 November 2008, kon intrek in hul eie nuwe huis. Die gebou beslaan 'n totaal van 690 vk. m. wat bestaan uit slaapsale vir seuns en

dogters, slaapkwartiere vir personeel, ablusie geriewe, 'n kombuis, eetsaal, klaskamers, kantoor en vertoonkamer vir hul kralewerk.

Die gebou maak voorsiening vir 52 verstandelik gestemde kinders, waarvan 'n paar ook fisies gestremd is. Hier kan hulle nou met groot liefde en geduld basiese geletterdheid geleer word. Verder word hulle praktiese vaardighede soos tuinbou en die versorging van diere geleer. Die Here het hulle geseën met besonderse vermoëns om kralewerk te doen wat verkoop word vir fondse om kos en ander benodigdhede aan te koop.

Ons beplan om binnekort 'n Borg 'n Kind Projek te loods om die geringe bydraes wat die families gee, aan te vul, sodat daar voldoende fondse kan wees om die daaglikse uitgawes te kan dek.

Hierdie gesamentlike projek tussen die gemeentes en vrywilligers het ons meer van God geleer; ons het geleer wat hoop en vertrouwe op God is, ons het meer van mekaar geleer, ons het op 'n praktiese manier geleer om saam te werk en ons het geleer om God te dank vir wat ons alles in die lewe het.

Die twee gemeentes, NGK Mthatha en VGK Decoligny reik saam uit na kinders in die gemeenskap wat dikwels weggegooi word deur hul families omdat hulle verstandelik gestremd is. Vanuit hierdie gesamentlike projek tussen die twee gemeentes, het die projek gegroei tot 'n gemeenskap projek, waarby die Transkei Primêre Skool, asook verskeie organisasies van Mthatha, nou betrokke geraak het.

Met hierdie samewerkingsooreenkoms tussen die NGK Mthatha en die VGK Decoligny, ten opsigte van Sinethemba, glo ons dat ons doen wat die Here van ons verwag, naamlik om gesamentlik in Sy Naam uit te reik na ander en Hom so te verheerlik.

Willem Botes

(Leraar van die VGK Decoligny asook van die NGK Mthatha)